

17 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 4:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 4:8

Vrypraak deur die geloof

Die woorde sit nog dikwels op die punt van ons tong om te sê: “Ek het darem my deel vir die kerk gedoen; my moeg gewerk toe ek nog kon. Die Here moet tog iets daarvan raaksien en my beloon.” Dink egter net vir een oomblik aan ons jeugsondes; aan alles wat ons deur die jare so ligweg gedoen het asof daar geen kwaad in was nie!

Abraham besef baie goed dat sy vroom toewyding aan God, sy opregtheid teenoor sy medemens of spesifieke tekens van geloofskrag hom nie kan red nie. Nee, hoewel hy nog nie van Hom geweet het nie, sou Jesus die Een wees wat Abraham se pad verby die kruis en graf na 'n nuwe lewe sou vat. Alleenlik sy geloof in die God het hom gered. Wat 'n troos om te weet dat wanneer die Vader ons in die gang van eeue raaksien, Hy bo-oor ons sal kyk na sy Seun en dáár die versekering van ons redding sal sien. Ryke troos vir 'n bekommerde hart!

Sing: Psalm 46:1

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)